

Dinsdag 28 Maart

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:9, 28-31

Die Heilige Gees gee die gawe van geloof en genesing

Saam met die gawes van mense wat die gemeente op 'n besondere manier dien as ouderlinge en diakens, gee die Here ook deur sy Gees ander besondere gawes aan gelowiges.

In ons Skrifgedeeltes hierbo word op twee sulke besondere gawes gewys, naamlik *geloof* en *genesing*. Hierdie gawe van geloof dui nie op die *saligmakende geloof* nie, hoewel die saligmakende geloof, om te glo in Jesus Christus as jou Verlosser en Saligmaker, ook natuurlik 'n gawe van die Gees is.

Die gawes van geloof en genesing word in dieselfde asem genoem, en staan direk in verband met mekaar. Dit gaan om die geloof as vaste vertroue in die wonderwerkende almag van God.

Hoewel die geloof in die wonderwerkende almag van God nie tot genesing beperk is nie, word dit in die Bybel met genesing van siekes verbind. Daar word ook in die omgang van geloofsgenesing gepraat. Dit gaan dus nie oor hoe sterk of swak jou geloof is nie, maar eerder oor genesing om die wonderbare almag van God na vore te bring.

Wanneer mens siek is, en nie 'n wonderbare "geloofsgenesing" ontvang nie, beteken dit nie dat jou geloof te swak was nie! Ook Paulus het byvoorbeeld waarskynlik aan 'n verswakte gesondheid en siektetoestand gesterf, al was sy geloof ook besonderlik sterk. Ons lees trouens nie eers van vreeslik baie mense in die tyd van die Bybel wat 'n wondergenesing ontvang het nie. Maar tog het baie gelowiges al beleef hoe die HERE op 'n wonderbare manier genesing vir ernstige siekte gegee het.

Geloofsgenesing het 'n baie sterk missionêre toespitsing, en gebeur meeste van die tyd waar die wonderbare almag van God na vore moet kom om heidene te oortuig van sy almag en alvermoë, van die feit dat niks vir Hom onmoontlik is nie. Ja, veral om mense te oortuig dat Hy wat siekte kan genees, wat die eerste dood kan uitstel, selfs ook tot veel meer in staat is: Hy verlos ons ook in Christus van die ewige dood!

Sing: Psalm 38:5, 17 (1936)

Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Groblersdal)